



Figuur 76: 'n Panorama van Kaapstad in 1777, volgens 'n waterverfskildery deur die amateurkunstenaar van Duitse afkoms, Johannes Schumacher, wat van 1770 tot ongeveer 1789 as soldaat aan die Kaap was. Die marktuine teen die hange van Tafelberg en in die Tafelvallei, waar talle slawe met die intensiewe produksie van groente en vrugte vir die Kaapstadse mark besig was, is duidelik sigbaar.

Uit: A. Hallema (samesteller), *The Cape in 1776 - 1777. Aquarelles by Johannes Schumacher from the Swellengrebel-collection at Breda* (Den Haag, 1951), plaat 51.

Hiermee is gepoog om 'n redelik volledige oorsig oor die werksverdeling van huishoudelike slawe in Kaapstad te gee. Wat nog genoem kan word, is dat sommige huishoudelike slawe 'n positiewe indruk op besoekers gemaak het. In die 1740's het Mentzel opgemerk dat sommige huishoudelike slawe in Kaapstad hulleself as 'n superieure klas bewys het wat goedgemanierd, fluks, toegewyd en lojaal aan hulle meesters was. Vir hulle loyaliteit is dié slawe met vriendelikheid en gereelde geskenke van hulle meesters beloon.⁴¹⁹ Volgens hom was die Kaapsgebore huisslawe met Europese vaders beter gemanierd en opgevoed as die ingevoerde slawe.⁴²⁰ Alhoewel die Indiese en Maleierslawe as huisslawe aangewend is, was die Kaapsgebore slawe in dié opsig die gewildste. "Of this race, both male and female, are the slave preferred by die inhabitants ... these slaves are engaged in the domestic and most confidential services of the house", aldus Bird in 1822.⁴²¹ Die rede waarom die gewildheid van die Kaapsgebore huisslaaf dié van die uiters bekwame Maleierslaaf oortref het, is moontlik te verklaar aan die vooroordeel van die Kapenaars teenoor die Maleier se wraaklustigheid⁴²² en sy bemoeienis met die sogenaamde "toordery".⁴²³ Daarbenewens was die Kaapsgebore halfslag slaaf nie ontwrig en onderhewig aan die aanpassing in 'n vreemde land nie, terwyl daar ook nie 'n taalprobleem tussen eienaar en slaaf was nie.

Naas die huishoudelike sfeer het privaatslawe in Kaapstad hulle in die produksie- en vervaardigingsektor bevind. Die eerste groep produksieslawe was die **tuiniers**, wat in die netjiese marktuine binne en aan die buitewyke van Kaapstad werksaam was.⁴²⁴ 'n Groot deel van die Kaapstadse slawearbeid is in beslag geneem deur die intensiewe produksie van groente en vrugte in die welgeleë en netjies uitgelegde marktuine in die Flaggemann's Kloof in Tafelvallei⁴²⁵ en teen die hange van Tafelberg (**Fig. 76**). Die vrugbare grond, voldoende water wat in leivore na die tuine herlei is, sowel as die volop sonskyn was ideaal vir die verbouing van groente en vrugte.⁴²⁶ Hierdie tuine, wat tussen 'n half en twee akker groot was, was hoogs produktief en winsgewend,⁴²⁷ danksy die deurlopende en konstante arbeid van slawe reg deur die jaar.⁴²⁸ In 1822 het Bird opgemerk dat die winsgewende opbrengs uit die vermaarde marktuin Leeuwenhof, Johannes Zorn instaat gestel het om soos 'n heer te kon leef.⁴²⁹ In 1816 is twee Bataafse slawe, naamlik Cato en Snap sowel as Februarie van Mosambiek as tuiniers van Johannes Zorn in die *Slaweregister* aangeteken.⁴³⁰ Daarbenewens het hy ook vyftien

⁴¹⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130.

⁴²⁰ *Loc. cit.*

⁴²¹ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

⁴²² R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 288 - 289 en 297; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 48 - 49; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 to 1798, I*, p. 46; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

⁴²³ F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, pp. 161 - 162; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 59 - 60.

⁴²⁴ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 27.

⁴²⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 87 - 88.


⁴²⁶ *Ibid.*, p. 88.

⁴²⁷ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 166 - 167; *Gleanings in Africa*, p. 31.

⁴²⁸ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 167.


⁴²⁹ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 157.

⁴³⁰ K.A.B.: SO. 6/35, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-17.



Figuur 77: Beeswagterslaaf besig met sy dagtaak op die gronde van mnr. De Smidt, volgens 'n pen-en-inktekening in 1832 deur sir Charles D'Oyly.

Uit: A. Gordon-Brown (samesteller), *The Cape sketchbooks of sir Charles D'Oyly 1832 - 1833 depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages* (Kaapstad, 1968), plaat 29.



Figuur 78: 'n Beeswagterslaaf in die buitewyke van Kaapstad, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 39.

slawearbeiders in diens gehad. In totaal het 33 slawemans en ses slavinne die marktuin, wat onder meer met 35 000 wingerdstokke beplant was, bewerk en versorg, sowel as die opbrengs bemark.⁴³¹ Die inwoners van Kaapstad sowel as die besoekende skeepslui is oorvloedig van 'n wye verskeidenheid vrugte en groente voorsien⁴³² wat deur slawetuiniers in hierdie marktuine verbou en deur slaweverters op Groentemarkplein,⁴³³ in die hawe⁴³⁴ of aan gereelde kliënte of toevallige kopers op straat verkoop is.⁴³⁵ Met die oplewing in skeepsverkeer was daar na 1770 'n dramatiese toename in die aantal marktuine in Kaapstad⁴³⁶ en 'n gevolglike toename in slawetuiniers. Op 14 Junie 1816 het Michiel Smuts van die marktuin Bellefleur nie minder nie as elf slawetuiniers in sy besit gehad.⁴³⁷ 'n Paar van die Kaapstadse marktuine wat in die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1833 voorkom en waarin slawetuiniers na alle waarskynlikheid werksaam was, is onder meer Welgeleden, De Hoop, Zorgvliet, Reezicht, Hope Mill, Rode Hek, Speculatie, Leeuwenrust, Nooitgedacht, Wildhof, Waterhof, Welgemeend, Weltevreden, Vredehoek, Leeuwendvoet, Welgedaan, Rusthof, Uitkyk, Zorgens Lust, Kuilenburg, Tuinwyk, Zorgwyk, Rustenzorg, Molenvliet, Stadzicht, Schoonderzicht en Schoonekloof.⁴³⁸ Bird verwys ook na die merkwaardige marktuin Oranjezicht wat in 1822 aan M. van Breda behoort het.⁴³⁹ Die marktuine Schotschekloof en Tamboerskloof is ook hier van belang. Uit die dagboeke en reisbeskrywings, sowel as uit die *Slaweregister* blyk dit dat veral Mosambiekse en Maleierslawe in die negentiende eeu as tuiniers aangewend is.⁴⁴⁰ Uit die *Africana*-prente is af te lei dat sommige marktuineienaars ook koeie aangehou het wat deur slawe opgepas is (**Fig. 77 & 78**).

Benewens die marktuine was slawe ook tuiniers in die gewone kombuis- en huistuine van die Kaapstadse inwoners. Catharina van Mosambiek was 'n vroulike tuinier wat aan George Stegman behoort het,⁴⁴¹ terwyl beide die Mosambiekse slawe Kalima en Joan as tuiniers van Reinier Beck in die *Slaweregister* gelys is.⁴⁴² In 1817 was Dirk Aspeling in besit van die slawetuinier Jacob van Batavia.⁴⁴³

⁴³¹ J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 22.

⁴³² M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 383 - 384; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 146.

⁴³³ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 159.

⁴³⁴ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 108.

⁴³⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 88; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 157.

⁴³⁶ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 168.

⁴³⁷ K.A.B.: SO. 6/30, p. 61: Register of Slaves, 1816-06-14.

⁴³⁸ C. Pama, *Regency Cape Town*, pp. 122 - 123.

⁴³⁹ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 157 - 158.

⁴⁴⁰ K.A.B.: SO. 6/33, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-14; SO. 6/30, p. 61: Register of Slaves, 1816-06-14; SO. 6/35, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-17.

⁴⁴¹ K.A.B.: SO. 6/30, p. 36: Register of Slaves, 1832-02-24.

⁴⁴² K.A.B.: SO. 6/13, p. 15: Register of Slaves, 1816-05-21.

⁴⁴³ K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1817-01-10.

Die tweede groep slawe in die Kaapstadse produksiesektor was die vissers.⁴⁴⁴ Volgens Barrow was baie van die gekleurde persone in Kaapstad vissermanne.⁴⁴⁵ Visvangs was 'n belangrike en winsgewende aktiwiteit in die visryke waters van Tafelbaai, Valsbaai, Vishoek en die Soutrivier.⁴⁴⁶ Privaatvisserij aan die Kaap is op 'n koöperatiewe wyse bedryf waarvolgens twee persone elk 'n boot voorsien het en een persoon vir die verskaffing van die net verantwoordelik was. Verskeie ander persone het die tien slawe wat die twee bote moes beman, voorsien. Die vis wat gevang is, is in dertien dele verdeel waarvan een vir elke booteienaar, een vir elk van die tien slawe en die dertiende deel aan die persoon wat die net verskaf het, gegaan het.⁴⁴⁷ Die visserskuite wat deur die slawe beman is, was oop sonder dekke en van roeiers en seile voorsien.⁴⁴⁸ Alhoewel skuite in die oggend uitgestuur is,⁴⁴⁹ het netvangste ook snags plaasgevind.⁴⁵⁰ Vir dié netvangste het die slawe treknette gebruik wat in vlakkerige water om 'n skool visse neergelaat is. Die nette vol vis is dan aan land getrek. Groot hoeveelhede vis is per keer op dié wyse gevang.⁴⁵¹ Spannette is snags in die riviere, soos die Soutrivier, gespan.⁴⁵² Bootvragte snoek is in Julie en Augustus deur slawevisser met 'n lyn en hoek gevang,⁴⁵³ terwyl ander vissoorte, soos roman, rooistompneus en hotnotsvis, ook op dié wyse aan land gebring is.⁴⁵⁴

Soos Mentzel waargeneem het, is die visserskuite oorwegend deur slawe van verskeie eenaars beman.⁴⁵⁵ As bevestiging van dié tendens geld die insident van vier visserskuite wat in 1728, weens visvangs in verbode waters, gearresteer is. Die bemanning het slegs uit slawe bestaan, terwyl net vier van die sestien slawe aan die betrokke booteienaars behoort het. Daarbenewens het nie een van die vier booteienaars meer as twee van hulle eie slawe op hulle onderskeie bote gehad nie.⁴⁵⁶ Dit blyk dus dat die verhuring van slawe as vissers aan die booteienaars 'n algemene gebruik aan die Kaap was. In die *Slaweregister* is sekere slawe in besit van privaat-

⁴⁴⁴ R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 10.

⁴⁴⁵ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, II, p. 340.

⁴⁴⁶ A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia I*, p. 106; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 95; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz, gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI*, II, pp. 136 - 137; F. de Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85*, I, p. 32; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 32.

⁴⁴⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 - 89.

⁴⁴⁸ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 56.

⁴⁴⁹ C.F.J. Muller, Die geskiedenis van die vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1942 I, pp. 42 - 44; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 160.

⁴⁵⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 - 89.

⁴⁵¹ *Ibid.*, p. 89.

⁴⁵² G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 56.

⁴⁵³ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 160.

⁴⁵⁴ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 56.

⁴⁵⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 - 89.

⁴⁵⁶ R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 10.

eienaars as “vissermanne” of “bootsmanne” aangeteken.⁴⁵⁷ ‘n Interessante tendens is dat veral die Indonesiese en Kaapsgebore slawe as “vissermanne” gelys is, terwyl die ander slawe oorwegend as “bootsmanne” in die *Slaweregister* verskyn. Op 30 Mei 1816 is ses Mosambiekse slawe van Pieter Staak as bootsmanne aangeteken⁴⁵⁸, terwyl Maars van Papoa, Jefta van die Kaap, Saptoe van Batavia en Ontong van Boegis op 27 Junie 1816 as visserslawe van die vryswarte Salis van Makassar opgeteken is.⁴⁵⁹ In die tydperk 25 Julie 1816 tot 30 Mei 1831 is die vier Mosambiekse slawe Louis, Domingo, Louwina en David as bootsmanne van Christiaan Alexander gelys, terwyl Fortuin van Malabar en Caesar van Madagaskar as vissers in sy besit aangeteken is.⁴⁶⁰ Op 24 Junie 1816 was Lodenryk Alexander in besit van drie Mosambiekse bootsmanne, terwyl die slaaf October van Batavia as visserman gelys is.⁴⁶¹

Dat veral die Maleierslawe hulleself as knap en bedrewe vissers aan die Kaap onderskei het, is uit die waarnemings van Le Vaillant⁴⁶² en Percival⁴⁶³ af te lei. Dit is na die afskaffing van slawerny deur George French Angas (1822 - 1886),⁴⁶⁴ Johan Mayson⁴⁶⁵ en E. Aspeling⁴⁶⁶ bevestig. Die Maleierslawe se natuurlike bedrewendheid as vissers is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat visvangs ‘n ernis uit hulle land van herkoms is. Tydens sy Oosterse reise in 1711 het Bogaert opgemerk dat die Malabare, benewens landbouers en ambagslui, ook vissers is.⁴⁶⁷ Davids konstateer dat ‘n groot aantal Indonesiese slawe aan die Kaap in hulle vaderland van die *Orang Luyt* of “*manne van die see*” was wat tydens visvangste op bote as slawe gevange geneem is.⁴⁶⁸

Na hulle vrystelling het ‘n hele paar vryslawe as vissers en bootsmanne ‘n lewe in Kaapstad gemaak. “Visserie was ‘n gewilde beroep onder die vryswartes en met verloop van tyd het die visserie in Tafelbaai in die hande van nie-blankes, veral Oosterlinge oorgegaan”, skryf De Wet.⁴⁶⁹ Dat visgereedskap in die inventarisse van sommige vryswartes opduik, is onder meer ‘n aanduiding van hulle bemoeienis met visserie. So byvoorbeeld was Claas Gerritz van Bengale in 1697 in besit van onder meer tien visvate, twee traanpotte en agt groot ysterpotte.⁴⁷⁰ In 1706 was twaalf vryswartes deel van die 23 Tafelbaaise vissers wat ‘n

⁴⁵⁷ K.A.B.: SO. 6/12, p. 27: Register of Slaves, 1818-03-25; 1826-02-01, 1827-07-18, 1831-05-30; SO. 6/13, p. 43: Register of Slaves, 1816-05-13; SO. 6/15, p. 125: Register of Slaves, 1825-02-09.

⁴⁵⁸ K.A.B.: SO. 6/30, p. 41: Register of Slaves, 1816-05-30.

⁴⁵⁹ K.A.B.: SO. 6/30, p. 79: Register of Slaves, 1816-06-27;

⁴⁶⁰ K.A.B.: SO. 6/12, p. 27: Register of Slaves, 1816-06-27; 1818-03-25; 1826-02-01; 1827-07-18; 1831-05-30.

⁴⁶¹ K.A.B.: SO. 6/12, p. 19: Register of Slaves, 1816-06-24.

⁴⁶² F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 103.

⁴⁶³ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288.

⁴⁶⁴ G.F. Angas, *The Kafirs illustrated in a series of drawings*, p. 9.

⁴⁶⁵ J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 15.

⁴⁶⁶ E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 4 en 6.

⁴⁶⁷ A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia II*, p. 370.

⁴⁶⁸ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 40.

⁴⁶⁹ C.G. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 208.

⁴⁷⁰ A. Malan, *Chattels and colonists? “Freeblack” women and their households*, Konsepartikel, p. 5.

verklaring ten gunste van W.A. van der Stel onderteken het.⁴⁷¹ In 'n opname van beroepe van Kaapstadse inwoners in 1820 was 65 vryswartes vissers, terwyl slegs twee as bootsmanne aangegee word.⁴⁷² In die *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835* is die volgende vryswartes as vissers of bootsmanne gelys: Abdol Kader, Abdol Wachier, Baidien, Ceyloen van de Kaap, Cupido van Ceylon, Dollie van die Kaap, Fredrik Saul, Jendien van die Kaap, Joseph Zacharias van die Kaap, Laley van die Kaap, Mammatt van die Kaap, Pedro van Java, Ramelan van die Kaap, Samsloedien, Thom en Willem Willemse.⁴⁷³

Danksy die visserslawe het sekere woorde wat met vissersaktiwiteite te make het via die slawetale Maleis-Portugees en Maleis in die Afrikaanse taal neerslag gevind. Dié aspek word in *Hoofstuk VI* bespreek. Die kulturele nalatenskap van die Kaapse visserslawe is dus in die Afrikaanse taal sowel as in die eiesoortige leefwyse van die vissersgemeenskappe aan die Kaapse kus op te merk.

Die derde groep slawe in die Kaapstadse produksiesektor was die **industrieslawe**. Hulle was onder meer die **kalk-** en **steenmakers**, die **bakkers**, **slagters**, **brouers**, **seepkokers** en **kersmakers** in diens van hulle stedelike eienaars.

In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat bouaktiwiteite voortdurend in en om Kaapstad aan die gang was.⁴⁷⁴ Teen die einde van die agtiende eeu het ook De Jong van die boudrif van die Kaapstadse inwoners melding gemaak wat hy as “ene drift, een dolheid, eene besmettelijke razernij” beskryf het.⁴⁷⁵ Weens dié boudrif van die Kapenaars was die brand van stene en kalk winsgewende bedrywe⁴⁷⁶ en kon daar danksy slawearbeid, in die groot aanvraag na kalk en stene voorsien word. As **kalkmakers** het slawe hulle plek volgestaan. Seeskulpe is op die strand deur hulle versamel en in hope gepak om droog te word.⁴⁷⁷ Volgens De Jong is ‘n kuil van ‘n half voet (ongeveer 15 cm) diep gegrawe en ‘n brandstapel van vier voet (ongeveer 1,2 meter) hoog binne-in die gat gepak. ‘n Piramide van skulpe is op die hout gepak “in wier midden een strowis of biezen geplaats worden, die men aansteekt”.⁴⁷⁸ Nadat die skulpe op dié groot vuur gebrand is,⁴⁷⁹ is die skulp-as met water gewas en geblus wat dan as kalk gebruik kon word.⁴⁸⁰ In 1816 is Joseph van Madras as

⁴⁷¹ C.G. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 208.

⁴⁷² N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

⁴⁷³ J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 26 - 27, 32, 34 - 35, 36, 39, 46, 50, 53, 56, 59, 63, 65 en 69.

⁴⁷⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90.

⁴⁷⁵ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 139.

⁴⁷⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90.

⁴⁷⁷ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 195; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 91 en 140; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 36.

⁴⁷⁸ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 195.

⁴⁷⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 65.

⁴⁸⁰ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 195 - 196.

kalkmaker van David Anosi in die *Slaweregister* aangeteken.⁴⁸¹

Slawe was ook intensief as **steenmakers** by dié bedryf betrokke en was grootliks vir alle arbeid tydens die steenvervaardigingsproses verantwoordelik.⁴⁸² Die kleigrond is uitgespit, deeglik natgegooi en deur die hoewe van 'n span perde tot 'n fyn poeier getrap. Die pulplei is deur slawehande geknie en in ruwe stene gevorm, waarna dit in steenvorms tot ordentlike boustene gevorm en afgerond is.⁴⁸³ Slaweseuns en -meisies van vyftien of sestien jaar het die stene aangedra en in eweredige lae gepak om in die son te droog. Dié sondroog-stene is in die steenoond, met sy ses openinge wat elk ongeveer vier meter uitmekaar was, gepak. Elk van die ses tunnels van die oond kon 20 000 stene neem wat op 'n totaal van 120 000 stene per keer neergekom het. Tydens 'n spesiale seremonie is die oond aangesteek.⁴⁸⁴ Danksy slawearbeid kon die meester op 'n goeie opbrengs vir sy stene reken. Slawesteenmakers in diens van Kaapstadse inwoners in die negentiende eeu was onder meer Esau,⁴⁸⁵ Alexander⁴⁸⁶ sowel as Diemieso.⁴⁸⁷

In Kaapstad het die slawebesitters wat bak- en slagsake bedryf het 'n goeie bestaan gemaak,⁴⁸⁸ danksy die slawe in hulle diens. De Jong het juis opgemerk dat “de slaven doen alles; **bakkers-slaven** bakken ... ”⁴⁸⁹ Slawe het hiervolgens 'n aandeel in die hoogstaande Kaapstadse gebak gehad. In diens van die bakkers sou hulle onder meer drie soorte brood bak, naamlik broodrolletjies van die beste meel, witbrood en volgraanbrood, terwyl dié in diens van banketbakkers vir soetgebak, soos onder meer koeke en pasteie, verantwoordelik sou wees.⁴⁹⁰ Plakkate met betrekking tot die bakkersbedryf maak melding van onder meer “wittebrood, soetekoek, koekies, krakelingen, mitsgaders bisschuijt of tweebak”.⁴⁹¹ Op 27 Mei 1816 het vyf bakkersslawe hulle in diens van Johannes Bam bevind. Hulle was Maart en Samson van Mosambiek en die drie Malgassiese slawe Gedult, Anthony en Caesar.⁴⁹² Van 1825 tot 1829 was Francois, Saphier, April, Isaac en Adonis, almal van Mosambiek, die bakkersslawe van die Kaapstadse bakker William Hunt.⁴⁹³ In 'n lys van beroepe in Kaapstad is drie vryswartes in 1820 as bakkers aangedui.⁴⁹⁴

⁴⁸¹ K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

⁴⁸² O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 180; *Ibid. II*, pp. 90 - 91.

⁴⁸³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90.

⁴⁸⁴ *Ibid. I*, p. 65; *Ibid. II*, pp. 90 - 91.

⁴⁸⁵ K.A.B.: SO. 6/30, p. 103: Register of Slaves, 1820-01-05.

⁴⁸⁶ K.A.B.: SO. 6/13, p. 95: Register of Slaves, 1818-12-17.

⁴⁸⁷ K.A.B.: SO. 6/18, p. 59: Register of Slaves, 1820-01-05.

⁴⁸⁸ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 83.

⁴⁸⁹ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

⁴⁹⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 84.

⁴⁹¹ K.M. Jeffreys (red.) *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 132 - 133.

⁴⁹² K.A.B.: SO. 6/13, p. 52: Register of Slaves, 1816-05-27.

⁴⁹³ K.A.B.: SO. 6/21, p. 277: Register of Slaves, 1825-03-19, 1827-04-09, 1829-06-15.

⁴⁹⁴ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

Wat die **slagters** betref, was dit, volgens Hudson, veral die Boeginese slawe wat in die bedryf aangewend is.⁴⁹⁵ In 1817 is die slaaf Dappat van Boegies inderdaad as slagter in diens van Godfried Alt in die *Slaweregister* aangeteken.⁴⁹⁶ Ander slawe is egter ook as slagters gebruik. Op 6 Junie 1816 was Jan van Boerbon sowel as August van die Kaap as varkslagters in diens van Johannes Albert.⁴⁹⁷ Na hulle vrystellings het sommige vryslawe in Kaapstad 'n nering as slagter of slagterswerker gevolg. In 1820 is twee vryswartes as slagters in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.⁴⁹⁸ In 1833 het Sosang sy brood as slagter in Kaapstad verdien,⁴⁹⁹ terwyl Abraham, David en Sajieb, al drie van die Kaap, in 1834 as slagters in *The South African directory and almanac* gelys is.⁵⁰⁰ In 1835 is Omporba van Mosambiek as slagarbeider in die *Kaapse almanak en naamboek* aangedui.⁵⁰¹

Wat die **brou-industrie** betref, is die Brandenberger Brouery van Tobias Marquart oorwegend deur slawe bedryf.⁵⁰²

Kaapstadse slawe was ook **seepkokers**. Op 21 Mei 1816 is Maart van Mosambiek as seepkoker van Reinier Beck in die *Slaweregister* aangeteken.⁵⁰³ Seepkokers se werk het onder meer die vyf dae lange kook van 'n mengsel van skaapvet en gannabos-as, wat as loog gebruik is, behels.⁵⁰⁴ Die proses word meer volledig onder die arbeid van die binnelandse slawe bespreek.

Mentzel het melding gemaak van die winsgewende kersmaakbedryf wat deur Oosterse vryswartes gemonopoliseer is.⁵⁰⁵ Slawe is as **kersmakers** ingespan. Op 25 Junie 1816 is Bora van Makassar as kersmaker van Abdul-Jappar in die *Slaweregister* gelys.⁵⁰⁶ In dieselfde jaar was die prominente Kaapse Moslem, Jan van Boegies, in besit van die kersmaker Willem van die Kaap.⁵⁰⁷ Op 4 Desember 1816 is die slaaf, Snel van Boegies, as kersmaker van Andries Smitsdorff aangeteken.⁵⁰⁸ Afvalvet is teen 'n nominale bedrag by die Kaapse slagters gekoop en deur die slawe in sierlike kerse verwerk wat in groot aanvraag was.⁵⁰⁹ Alhoewel die

⁴⁹⁵ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 51.

⁴⁹⁶ K.A.B.: SO. 6/12, p. 43: Register of Slaves, 1817-11-28.

⁴⁹⁷ K.A.B.: SO. 6/12, p. 10: Register of Slaves, 1816-06-06.

⁴⁹⁸ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

⁴⁹⁹ C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 118.

⁵⁰⁰ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 207 en 216.

⁵⁰¹ J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, p. 55.

⁵⁰² A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 257.

⁵⁰³ K.A.B.: SO. 6/13, p. 15: Register of Slaves, 1816-05-21.

⁵⁰⁴ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 301.

⁵⁰⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 91 - 92.

⁵⁰⁶ K.A.B.: SO. 6/12, p. 18: Register of Slaves, 1816-06-25.

⁵⁰⁷ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal for Linguistics* 8(1), 1990, p. 5.

⁵⁰⁸ K.A.B.: SO. 6/30, p. 141: Register of Slaves, 1816-12-04.

⁵⁰⁹ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 166.

tuisgemaakte plaaskers sy doel gedien het, kon dit wat voorkoms betref, nie met die Oosterlinge se handewerk kersvashou nie, want “[t]hough made of mutton-fat they are as white and as well-shape as wax-candles”, aldus Mentzel.⁵¹⁰ Na vrystelling het sommige vry-slawe in Kaapstad uit kersmakery ‘n bestaan gemaak. ‘n Lys van Kaapstadse beroepe in 1820 toon aan dat twaalf vryswartes kersmakers was, terwyl twee pertinent as vetkersmakers aangedui word.⁵¹¹ In 1833 was Fortuin van Batavia, Januarie van die Kaap, Leentjie van de Kaap, Pieter van Bengale, sowel as Soliman van Arabië kersmakers in Kaapstad,⁵¹² terwyl Achilles van Bengalen, Baatjoe van Batavia, Samodien van die Kaap en Slammat van Arabië in 1835 by name in die *Kaapsche almanak en naamboek* as kersmakers gelys is.⁵¹³

In die Kaapstadse produksie en vervaardigingsektor het **slaweambagslui** en **-vakmanne** ‘n belangrike rol gespeel. Die meeste geskoolde slawe aan die Kaap was in Kaapstad en die omringende dorpie geskonsentreer.⁵¹⁴ Daarbenewens was die meerderheid geskoolde ambagslui in Kaapstad slawe.⁵¹⁵ Uit die menings van die owerhede en amptenare, sowel as van besoekers en reisigers, blyk dit inderdaad dat die Kapenaars se negatiewe ingesteldheid teenoor handewerk die opkoms van bekwame slaweambagslui tot gevolg gehad het. Reeds so vroeg as Desember 1658 het die Raad van Indië Jan van Riebeeck gewaarsku dat die invoer van slawe na die Kaap moontlik tot gevolg sou hê dat die setlaars “wanneer sij het gerijff van de slaven hebben alsdan luyj werden ende de handen niet meer tot wercken willen uitsteecken”.⁵¹⁶ Volgens die waarneming van baron Gustaaf Willem van Imhoff (1705 - 1750) in 1743, blyk dit dat die profetiese waarskuwing van die Raad van Indië inderdaad in vervulling gegaan het: “... nu men Slaven geïntroduceert heeft worden de gemeene Europeërs Heeren en willen eerst selfs welgedient zijn eer zij denken een ander te dienen ...”⁵¹⁷

Die assosiasie van hande arbeid met slawe en die meerderwaardigheid van die Kapenaars teenoor fisiese arbeid is telkens deur besoekers en reisigers bevestig. Volgens De Jong het geen blanke ambagslui gewerk nie en is alle werk deur die slawe gedoen, want “bakkers-slaven bakken; kleermakers slaven naaijen; schilders-slaven verwen; die der timmerlieden timmeren ...”⁵¹⁸ Barrow het die Kapenaars se negatiewe ingesteldheid jeens handewerk en die ambagte skerp gekritiseer en opgemerk dat selfs die laerklas koloniste nie daarmee geneë was dat hulle kinders as bediendes werk of ‘n vakleerlingskap vir een of ander ambag deurloop nie, aangesien dit onaanvaarbaar was “om die werk van slawe te doen.”⁵¹⁹

⁵¹⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 92.

⁵¹¹ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, pp. 94 - 95.

⁵¹² C. Pama, *Regency Cape Town*, pp. 103, 107, 110, 114 en 118.

⁵¹³ J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 27, 31, 63 en 64.

⁵¹⁴ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 87.

⁵¹⁵ *Ibid.*, p. 83; B. Hindness en P.Q. Hirst, *Pre-capitalist modes of production*, pp. 165 - 167.

⁵¹⁶ K.A.B.: C. 279: Inkomende briewe, Desember 1658.

⁵¹⁷ M.P. de Chavonnes en G.W. van Imhoff, *The reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff on the Cape*, p. 62.

⁵¹⁸ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 147 - 148.

⁵¹⁹ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 47.

Hierdie houding jeens en stigmatisering van handewerk het tot gevolg gehad dat slegs slawe as bekwame ambagslui opgelei is en dat daar teen die tweede helfte van die agtiende eeu 'n gebrek aan aktiewe blanke ambagslui aan die Kaap was. "De Inwooners worden dus wel vermeerderd, maar geen handwerkslieden, kunstenaars, of nuttige leden der samenleving worden er aangekweekt",⁵²⁰ aldus Stavorinus in die 1770's. Tydens die Eerste Britse Besetting was Percival van mening dat die Nederlanders hulle meer geredelik in die ambagte sou bekwaam indien hulle nie so swaar op die vakmanskap van hulle slawe gesteun het nie. Volgens hom was daar relatief min vakmanne en ambagslui in hulle geledere, "because such services were performed by their servants."⁵²¹ In die vroeë negentiende eeu was Lichtenstein daarvan oortuig dat die afskaffing van slawerny die blanke Kapenaars sou verplig om hulleself as ambagslui te bekwaam.⁵²²

Daar was dus betreklik vroeg 'n situasie aan die Kaap waar arbeidsverdeling rasgebaseerd was.⁵²³ Die Kapenaars se geesteshouding teenoor handarbeid het die opbou van 'n sterk blanke werkersklas in die wiele gery en die opkoms van bekwame slaweambagslui in die hand gewerk. Teen die einde van die agtiende eeu het die Kaapse slawe die ambagsektor oorheers en as kleremakers, skoenmakers, meubelbouers, wamakers, grofsmede, messelaars, pleisteraars, tuie- en saalmakers hulle stempel duidelik op die Kaapstadse vervaardigingsektor afgedruk.⁵²⁴

Alhoewel die Kapenaars nie juis 'n belangstelling getoon het om hulle kinders of hulleself as ambagslui te bekwaam nie, was dit wel hulle erns om die mees belowende jong slafies in hulle besit so vroeg as moontlik in die een of ander ambag te laat oplei.⁵²⁵ Soos reeds in die studie onder *Onderwys en opleiding* vermeld, het dit aansienlike finansiële en huishoudelike voordele vir die eienaar ingehou. Benewens die feit dat ambagslawe in die huishoudelike behoeftes voorsien het, was die verhuring van die slawe sowel as die verkoop van hulle handewerk winsgewend.⁵²⁶ In die 1790's het Barrow tereg opgemerk: "Some of these [slaves] are artificers; and are hired out at certain rates of the day, week or month."⁵²⁷ Sommige ambagslawe is teen aansienlike bedrae verhuur. Dit was veral die uitgehuurde kleremakers, skrynwerkers, messelaars en kokke wat aansienlike "slavengeld" vir hulle meesters ingebring het⁵²⁸ en die verhuring van slawe 'n besonder winsgewende bedryf vir die Kaapse

⁵²⁰ J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, II*, p. 312.

⁵²¹ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

⁵²² H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 230 - 231.

⁵²³ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I*, p. 113.

⁵²⁴ A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 11.

⁵²⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26; SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24; SO. 6/12, p. 38: Register of Slaves, 1816-11-14; K.A.B.: SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21; SO. 6/13, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-21; SO. 6/13, p. 33: Register of Slaves, 1816-06-05.

⁵²⁶ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 247 - 248.

⁵²⁷ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46.

⁵²⁸ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

slawe-eienaars gemaak het.⁵²⁹ In die eerste helfte van die agtiende eeu het huurgeld van 'n enkele slaaf ongeveer vier tot vyf riksdalders per maand beloop. Daarbenewens moes die huurder die slaaf van kos en tabak voorsien, alhoewel hy nie vir die verskaffing van sy klere verantwoordelik was nie.⁵³⁰ Teen die 1820's kon 'n gewone arbeiderslaaf teen 18 tot 25 riksdalders per maand en 'n geskoolde slaaf teen dubbel dié bedrag uitverhuur word. Vroulike huisbediendes is teen 12 tot 14 riksdalders en kinders teen 10 riksdalders uitverhuur.⁵³¹ Deur die winsgewende verhuring van 'n ambagslaaf kon sy hoë aankoopsond spoedig verhaal word. Soms was die verhuring van slawe 'n voldoende of selfs enigste bron van inkomste vir eienaars.⁵³²

'n Interessante verskynsel aan die Kaap was die opleiding van pasaangekome Engelse en Ierse vakleerlinge deur slaweambagslui, wat op 'n semi-onafhanklike basis vir hulle eienaars geld verdien het.⁵³³ Vir die besoekende Britse koninklike kommissaris was dit so 'n ongewone verskynsel dat hulle met verskeie Kaapse slaweambagslui in 1825 onderhoude gevoer het. Een van hulle was Carel, die stedelike slaaf van ene De Klerk, wat Paddy Farel in saalmakery en die stoffeerberoep opgelei het.⁵³⁴ Die skoenmakerslaaf Jacob van Heydenrick, het sy Ierse vakleerling, Mohoney, weens dronkenskap ontslaan.⁵³⁵

Soms is stedelike ambagslawe aan boere en ander werkgewers op 'n tydelike basis uitverhuur, in welke geval die betrokke slaaf 'n klein persentasie van die huurgeld ontvang het. Teen 1824 was daar ongeveer tweeduisend slawe wat, teen betaling van 'n vasgestelde weeklikse of maandelikse bedrag aan die eenaar, selfstandig 'n ambag kon beoefen.⁵³⁶

Uit die boedelinventarisse van sommige Kaapstadse inwoners gedurende die agtiende eeu blyk dit dat die meeste slaweambagslui in Kaapstad van Asië afkomstig was. In die boedelinventaris van die welgestelde Kaapse slagter Jan Elser in 1799 was alle slawe wat een of ander ambag of nering beoefen het van Indiese, Indonesiese of Kaapse herkoms.⁵³⁷ Daarbenewens bevestig die dagboeke en reisbeskrywings van besoekers ook dat veral die Maleier- of Indonesiese slawe hulleself as knap ambagslui aan die Kaap onderskei het. Uit dié groep het veral die verwers, musikante en vernuftige handwerkslui van die Kaap gekom.⁵³⁸ Dié slawe was ewe bedrewe in akker- en tuinbou as in meganiese handvaardighede.⁵³⁹ Daarbenewens het die intelligente Maleierslaaf oor die vermoë beskik om 'n ambag vinnig aan te leer.⁵⁴⁰ Dit is dus nie vreemd dat Burchell tydens sy verblyf van 1810 tot 1815 opgemerk het dat veral die Maleierslawe as

⁵²⁹ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 271.

⁵³⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 89 - 90.

⁵³¹ A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 11.

⁵³² W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

⁵³³ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 144.

⁵³⁴ G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXI*, pp. 448 - 449.

⁵³⁵ *Ibid.* XXI, pp. 450 - 451; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa*, p. 96.

⁵³⁶ A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 11.

⁵³⁷ K.A.B.: MOOC. 7/1/44, p. 61: Testamenten, 1799-03-27.

⁵³⁸ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 47 - 48.

⁵³⁹ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 291.

⁵⁴⁰ *Gleanings in Africa*, p. 58.

ambagslui opgelei is: “The males are taught to be carpenters, cabinet makers, masons, shoemakers, tailors, cooks ... or handicraftsmen, while the females fill the station of mantua-maker, cook ...”⁵⁴¹

Benewens die Indonesiese slawe het die slawe afkomstig van Indië hulleself ook as vernuftige en bedrewe ambagslui en vakmanne aan die Kaap bewys.⁵⁴² Heelwaarskynlik het die kaste stelsel in Indië, wat op ‘n sosiale arbeidsverdeling en -spesialisering gebaseer is, ‘n rol in hulle bedrewenheid ten opsigte van spesifieke ambagte gespeel. Tydens sy Oosterse reise het Stavorinus berig dat elke kaste sy eie handewerk beoefen wat van een geslag na die ander oorgelewer word en dat die ambagslui hulle by een handwerksoort bepaal, sodat “een Goudsmit geen silver verwerken zal, ook geen zilversmit eenig goud”.⁵⁴³ Dié spesialisasie het uiteraard bedrewe vakmanne tot gevolg gehad.

Die slawe van Afrika en Madagaskar is veral in messelwerk en houtwerk, sowel as alle ander ambagte wat ‘n groot mate van fisiese inspanning vereis het, aangewend.⁵⁴⁴ In sy positiewe beskrywing van die Mosambiekse slawe het Hudson melding gemaak van goeie timmerlui en messelaars wat hy onder dié slawe opgemerk het.⁵⁴⁵ ‘n Kaapsgebore slaaf wat in een of ander ambag opgelei is, was veral ‘n waardevolle besitting vir sy meester.⁵⁴⁶

Die eerste groep slaweambagslui wat ‘n belangrike rol in Kaapstad gespeel het, was die messelaars en pleisteraars. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat die aantal persone wat huise laat bou, steeds toeneem,⁵⁴⁷ terwyl bouaktiwiteite voortdurend in en om Kaapstad aan die gang was.⁵⁴⁸ Teen die einde van die agtiende eeu was dié boudrif steeds in volle swang.⁵⁴⁹

Slawe was intensief betrokke by die bou van die groot aantal pragtige witgekalkte steenhuise van een of meer verdiepings met oorwegend plat dakke en stoepe aan die voorkant.⁵⁵⁰ Dit was die messelaar se taak om die boukalk of ander bindmateriaal wat vir die bouery gebruik is, deeglik te meng en die mure daarna volgens die voorskrifte met stene op te messel.⁵⁵¹ Tydens die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat stene toe alreeds vir honderd jaar in gebruik was. Volgens hom is klei of leem voorheen in plaas van kalk gebruik, alhoewel

⁵⁴¹ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

⁵⁴² R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 286 - 287.

⁵⁴³ J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in den jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, pp. 20 - 21.

⁵⁴⁴ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287.

⁵⁴⁵ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 49.

⁵⁴⁶ F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 101 - 102.


⁵⁴⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 65.

⁵⁴⁸ *Ibid. II*, p. 90.

⁵⁴⁹ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 139.

⁵⁵⁰ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 25; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 70 - 71.

⁵⁵¹ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 62.



Figuur 79: Kaapse slawe besig om volgens die klei-en-water metode te bou, soos uitgebeeld deur lady Anne Barnard.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 163.

'n laaste pleisterlaag van skulpkalk aan die binne- en buitekant aangewend is, “[n]owadays there is enough shell-lime to permit all houses being treated with cement and sand”.⁵⁵² 'n Illustrasie deur lady Anne Barnard (1750 - 1825) tydens haar verblyf aan die Kaap van 1797 tot 1802, toon hoe daar deur slawe met klei en water gebou is (Fig. 79).⁵⁵³ Volgens haar is die baksteenmure met nat klei gepleister, “trodden into a paste by the feet of Slaves”, waarna dit met skulpkalk gewas is.⁵⁵⁴

Slawebouers moes streng hou by die vereistes wat in 1717 deur die Politieke Raad vir die konstruksie van plakdakke neergelê is. Hiervolgens is hardgebakte stene op die latte, wat aan die geel- of kiaathoutbalke vasgespyker is, gelê. Daarna is 'n mengsel van vier dele fyngestampte kalkskulpe uit gruis van die kalkoond, twee dele gewone boubalk en twee dele verpoeierde bakstene met klapperolie tot 'n deeg berei en een-en-'n-half duim (4 cm) dik met ligte houthamers versigtig op die stene vasgeslaan. Die tweede laag is van tien dele gesifte kalk, drie dele fyn gesifte gruis of verpoeierde gebakte stene en een deel Bengaalse suikersediment of molasse berei en een duim (2,5 cm) dik op die eerste laag vasgestamp. As afronding is 'n vloeistofmengsel van kalk, olie en suikerstroop oor die tweede laag aangewend.⁵⁵⁵ Hierdie konstruksie moes 'n water- en winddigte sowel as vuurvaste dak verseker.

Die Oosterse slawe, wat onder meer Indiër- sowel as Maleierslawe ingesluit het, was veral verantwoordelik vir die ornamentele pleisterwerk van sommige van die Kaapse barokgewels. Die reliëfpleisterwerk aan die Kaap het versieringsmotiewe en ligte krullysversierings in die gewels sowel as die stoep behels wat die Kaaps-Hollandse huis van sy Europese prototipe onderskei het.⁵⁵⁶ In sy beskrywing van die vroeg-negentiende-eeuse huise in Kaapstad het Burchell onder meer van stukkadoorwerk melding gemaak, terwyl die voorkant van die huise, volgens hom, met kroonlyste, talle argitektoniese versierings en heel dikwels met figure in hoë en vlak reliëf versier was.⁵⁵⁷

Alhoewel teenwoordig, was die invloed van die Oosterse slaaf op die groter Kaapstadse huis meer beperk. By die bou van kleiner huise is die slawepleistersaars groter vryheid toegelaat. Van die huisies in die Bo-Kaap openbaar inderdaad stylvermenging in die pleisterwerk waarin die hand van die Oosterse slaaf duidelik te bespeur is. Die voorkant van 'n huis in Nuwe Kerkstraat 64 was met reliëfwerk van twee vreemde obeliske of suile weerskante van die voordeur versier, terwyl daar aan die bo-kant van elke obelisk 'n griffoen voorgekom het. In Java is die gebruik van griffoene as versieringsmotiewe redelik algemeen.⁵⁵⁸ Die invloed van die slawe op die Kaapse argitektuur en boukuns word in *Hoofstuk VI* meer volledig bespreek.

⁵⁵² G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 62.

⁵⁵³ Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 163.

⁵⁵⁴ Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 193.

⁵⁵⁵ J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, pp. 17 - 18.

⁵⁵⁶ D. Lewis, Cape Malay art and crafts, in E. Hellmann en L. Abrahams (reds.) *Handbook on race relations in South Africa*, p. 647.

⁵⁵⁷ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 71.

⁵⁵⁸ D. Lewis, Cape Malay art and crafts, in E. Hellmann en L. Abrahams (reds.) *Handbook on race relations in South Africa*, p. 648.

In die *Slaweregister*, wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, is 'n hele aantal slawe as messelaars aangedui. Van hulle was onder meer Masoe alias Baatje van Ternate, wat deur die vryswarte Pieter Andriese van die Kaap besit is,⁵⁵⁹ Fortuin van Makassar, wat aan Andries Brink behoort het,⁵⁶⁰ Baatjoe van Batavia sowel as Sarmatan van Mosambiek, wat albei die eiendom van Johannes Blesser was,⁵⁶¹ en Dapat van Batavia, wat aan Johannes van Breda behoort het.⁵⁶² Op 11 Junie 1816 is drie slawe as messelaars in besit van Andries Brink gelys. Hulle was Jonas van die Kaap, Lindor van die Kaap, sowel as April van Mosambiek.⁵⁶³ In dieselfde jaar was die Maleierdokter, Abdol Malik, in besit van die slawemesselaar, Marcus van Batavia.⁵⁶⁴ Op 5 Mei 1829 is die slaaf, Bacchus van Malakka, as messelaar van die weduwee, Leonara Colyn, gelys.⁵⁶⁵ Al vyf messelaars wat op 14 Junie 1816 as die slawe van Abraham de Villiers in die *Slaweregister* aangeteken is, was van Batavia afkomstig.⁵⁶⁶

Na hulle vrystelling was sommige vryslawe as messelaars in Kaapstad werksaam. 'n Lys van Kaapstadse beroepe in 1820 toon aan dat twintig vryswartes in dié tyd as messelaars 'n bestaan in Kaapstad probeer maak het.⁵⁶⁷ In 1835 is 28 vryswart messelaars by name amptelik in die *Kaapsche almanak en naamboek* gelys. Hulle was onder meer Abdol van die Kaap, Asso van China, Adje van die Kaap, Abraham, Asan van China, Bancal van Mosambiek, Bartie, Boharie, Cassien van Boegies, Damon, Domingo, Galant van die Kaap, Idas van die Kaap, Jaapie, Jaapie van die Kaap, Jardien, Job, Joewa, John van China, Junta van die Kaap, Majieb van Malagas, Marthinus van die Kaap, Mastachees van die Kaap, Robyn, Salie van die Kaap, Sam van China en Slamoedien van die Kaap.⁵⁶⁸

Die volgende groep ambagslawe wat 'n belangrike plek in die Kaapse boubedryf ingeneem het, was die **dakdekkers**. Dakke is gewoonlik deur die slawe met inheemse gras of riet *Restioteetorum* gedek.⁵⁶⁹ Volgens Mentzel het die dekriet soos rogstrooi gelyk, "but are filled with sap and are not hollow as the other".⁵⁷⁰ Die dek van 'n rietdak het spesiale vaardighede vereis en die dekker moes sy storie ken om dié taak suksesvol te voltooi. Die dekriet is met geteerde tou of draad aan die latte vasgemaak. Voor die punte van die riet vasgemaak is, is dit met 'n spesiale hout apparaat op 'n bepaalde wyse uitgetrek sodat slegs een halm 'n ander gedeeltelik oorvleuel het. Dit het aan die dak 'n egalige oppervlak verleen. Die taak is afgerond deur die houtraamwerk van die dakhelling en die ente met 'n laag kalk te bedek en af

⁵⁵⁹ K.A.B.: SO. 6/12, p. 11: Register of Slaves, 1816-06-07.

⁵⁶⁰ K.A.B.: SO. 6/13, p. 2: Register of Slaves, 1817-12-20.

⁵⁶¹ K.A.B.: SO. 6/13, p. 8: Register of Slaves, 1816-05-16.

⁵⁶² K.A.B.: SO. 6/13, p. 11: Register of Slaves, 1816-05-18.

⁵⁶³ K.A.B.: SO. 6/13, p. 41: Register of Slaves, 1816-06-11.

⁵⁶⁴ K.A.B.: SO. 6/12, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-21.

⁵⁶⁵ K.A.B.: SO. 6/15, p. 125: Register of Slaves, 1829-05-05.

⁵⁶⁶ K.A.B.: SO. 6/33, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-14.

⁵⁶⁷ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

⁵⁶⁸ J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 26 - 28, 34, 36 - 37, 40, 44 - 45, 53, 59, 63 en 64.

⁵⁶⁹ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 25.

⁵⁷⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 134.

te wit.⁵⁷¹ 'n Voorbeeld van 'n dakdekker was Moses van die Kaap, wat op 1 Julie 1816 as slaaf van George Anosi in die *Slaweregister* gelys is.⁵⁷² Slegs een vryswarte is in 1820 in 'n lys van Kaapstadse beroepe as dakdekker aangegee.⁵⁷³ Soos deur De Jong opgemerk, is die verfwerk deur slawe gedoen.⁵⁷⁴ Op 19 Mei 1816 is nie minder nie as vyf slawe van Andries Willem Beck as verwers in die *Slaweregister* aangeteken. Ismael, Adonis, Baatjoe, Joermat en Basta was al vyf van Batavia afkomstig.⁵⁷⁵ In dieselfde jaar was die prominente Kaapse Moslem, Jan van Boegies, in besit van die verwer Carolus van Batavia.⁵⁷⁶ Op 21 Augustus 1827 was Floris van Mosambiek as verwer in diens van die vryswarte Abdol Wasie.⁵⁷⁷

'n Hele paar slawe was na hulle vrystelling as verwers in Kaapstad werkzaam. Tien vryswartes is in 1820 in 'n lys van Kaapstadse beroepe as verwers aangegee.⁵⁷⁸ In *The South African directory and almanac for 1834* is Abdolsaayer, Alexander, Carolus van die Kaap, David van die Kaap, Damon van Bengale, Isaac van die Kaap, sowel as Soekoer van die Kaap as verwers aangedui,⁵⁷⁹ terwyl Christiaan van die Kaap, Darie van die Kaap, Mamoodien van Batavia, Sayar, sowel as Carolus en Soekoer, beide van die Kaap, in 1835 in die *Kaapsche almanak en naamboek* as verwers gelys is.⁵⁸⁰

Soos die verwers, het die slawe hulle plek as **timmerlui** in die ambagektor volgestaan. "De slaven doen alles; ... die der timmerlieden timmeren", aldus De Jong.⁵⁸¹ In die snel ontwikkelende Kaapstad was die dienste van timmerlui onontbeerlik. Slawe kon as timmerlui op drie wyses 'n bydrae tot die oprigting van 'n nuwe gebou lewer. Hulle kon die hele gebou van hout oprig, die binnemure uit hout saamstel of die dakbalke op die mure plaas.⁵⁸² Daarbenewens het timmermans ook herstelwerk aan die Saldanhavaarders se bote gedoen.⁵⁸³ Werkopdragte deur die owerheid, soos die herstel van brûe, die bou van voetbrûe, sowel as die maak van waterwiele, is aan die vry timmermanne opgedra⁵⁸⁴ wie se slawe grootliks die werk verrig het. 'n Groot aantal slawe is as timmerlui in besit van Kaapse inwoners in die

⁵⁷¹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 134.

⁵⁷² K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

⁵⁷³ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

⁵⁷⁴ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

⁵⁷⁵ K.A.B.: SO. 6/13, p. 40: Register of Slaves, 1816-05-10.

⁵⁷⁶ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 5.

⁵⁷⁷ K.A.B.: SO. 6/12, p. 68: Register of Slaves, 1827-08-21.

⁵⁷⁸ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

⁵⁷⁹ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 207, 214, 216, 224 en 243.

⁵⁸⁰ J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 34, 36, 53 en 63 - 64.

⁵⁸¹ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

⁵⁸² G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 64; E. Buys, *Nieuw en volkomen woordenboek van konsten en wetenschappen X*, p. 186.

⁵⁸³ J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 346.

⁵⁸⁴ K.A.B.: VC. 9, p. 905: Dagboek, 26-03-1683; K.A.B.: 1/STB. 1/1, pp. 12 en 66: Notule van Landdros en Heemrade, 27-01-1693 en 11-02-1694.

Slaweregister gelys. Voorbeelde hiervan is onder meer die drie slawe Lucas van die Kaap, Coridon van Batavia en Onverwagt van Batavia, wat op 18 Mei 1816 as timmerlui van Johannes van Breda aangeteken is,⁵⁸⁵ terwyl Damon van Bengale, Joemat van Bengale, sowel as Patientie van Mosambiek op 19 Julie 1816 as timmerlui van Daniel Jacobus Blanckenberg gelys is.⁵⁸⁶ Op 10 Januarie 1817 was Dirk Jacobus Aspeling in besit van die twee Bataafse timmermanne, Alexander en Samaay.⁵⁸⁷

Dit was veral die Indiese en Kaapsgebore slawe met Oosterse bloed in hulle are, wat hulleself as knap **skrynwerkers** en **meubelmakers** of **kabinetmakers** aan die Kaap onderskei het. Na alle waarskynlikheid was Indonesiese slawe en bannelinge die eerste meubelmakers aan die Kaap.⁵⁸⁸ Die werk van die meubelmakerslaaf sou onder meer die bestudering van die ontwerp, die kies van die hout, die uitsaag daarvan in die vereiste lengtes, die skaaf en afwerk van die hout, die maak van al die voë en tappe, die heg van alle dele en die dekoratiewe afwerking van die meubelstuk behels. Alhoewel die Hollandse en Europese meubels as modelle gedien het, het dit onder die hande van die slaweambagslui 'n unieke Hollands-Koloniale of Kaaps-Hollandse karakter verkry.⁵⁸⁹ 'n Voorbeeld van 'n slaaf wat pertinent as kabinetmaker in die *Slaweregister* aangeteken is, was Johathan van die Kaap wat aan Johannes Serrurier behoort het.⁵⁹⁰

Na hulle vrystelling was sommige slawe as timmerlui, skrynwerkers en meubelbouers in Kaapstad werksaam. In die *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1834* sowel as *The South African directory and almanac for 1834* is die volgende vryswartes as skrynwerkers en meubelbouers aangeteken: Ontong van Boegies, Ajan van China, Borgia van die Kaap, Carolus van die Kaap, Moos van die Kaap, Oesman, Ontong van Batavia en Tariëff van die Kaap.⁵⁹¹

Afgesien van die huishoudelike **schoenmakers** wat reeds bespreek is, was daar ook die slawe wat by die schoenmakerbedryf van hulle meesters betrokke was. Op 5 Junie 1816 was vyf slawe as schoenmakers in diens van die Kaapstadse schoenmaker George Becker.⁵⁹² Hulle was Solomon van die Kaap, Fortuin van Ternate, Natas van Napai, Achilles van die Kaap en Abraham van die Kaap wat 'n schoenmakervakleerling was.⁵⁹³ Sodanige vakleerling moes eers 'n paar jaar sy ambag onder 'n meestervakman leer. In dié tyd, wat hy as 'n "schoenlapper" bekend gestaan het, was sy werk beperk tot die herstel van skoene. Tydens sy vakleerlingskap moes die slaaf sy meesterstuk voltooi wat gewoonlik die maak van een of meer pare skoene behels het. Nadat die meestervakman sy meesterstuk goedgekeur het, het die slaaf sy

⁵⁸⁵ K.A.B.: SO. 6/13, pp. 10 - 11: Register of Slaves, 1816-05-18.

⁵⁸⁶ K.A.B.: SO. 6/13, p. 65: Register of Slaves, 1816-07-19.

⁵⁸⁷ K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1817-01-10.

⁵⁸⁸ L.E. van Onselen, *Cape antique furniture*, p. 7.

⁵⁸⁹ D. Lewis, Cape Malay art and crafts, in E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 647.

⁵⁹⁰ K.A.B.: SO. 6/30, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-18.

⁵⁹¹ J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 3, 5, 26 en 36; G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 208, 212, 214, 233 - 234 en 244.

⁵⁹² C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 98.

⁵⁹³ K.A.B.: SO. 6/13, p. 33: Register of Slaves, 1816-06-05.

vakleerlingskap geslaag. Hierna was hy 'n opgeleide of geskoolde skoenmakervakman wat self skoene uit verskillende soorte leer kon vervaardig.⁵⁹⁴

Na hulle vrystelling was sommige slawe as skoenmakers in Kaapstad werksaam. 'n Lys van Kaapstadse beroepe van 1820 toon twaalf vryswartes as skoenmakers aan.⁵⁹⁵ Op enkele uitsonderings na was byna alle vryslawe wat in 1834 as skoenmakers in die *Kaapsche almanak en naamboek* sowel as in *The South African directory and almanac for 1834* gelys is, Kaapsgeborenes. Van hulle was onder meer Abraham, Absolom, Adam, Adjie, Gaban, Isaak, Jachie, Jakiem, Jamie, Jan, Jeptha, Kafla, Tamien en Tarriek. Ander vryswart skoenmakers was Abdol Jaliel, Abdol Soekoer, Abdoljalien, Jan Caffela, Japie Jacobse, Manuel, Faro, Sammat Danielsen en Jan Ysman.⁵⁹⁶

Verwant aan skoenmakery was die looierybedryf⁵⁹⁷ waar slawe as **leerlooiers** 'n rol gespeel het. Op 25 Februarie 1822 was die Kaapstadse leerlooier en hoedemaker Johan Stegman in besit van vyf leerlooierslawe.⁵⁹⁸ Hulle was die vier Mosambiekse slawe Februarie, Jack, April en January, sowel as Plato van Malabar.⁵⁹⁹ Agt slawe is op 23 Augustus 1816 as leerlooiers van Johan Stadler in die *Slaweregister* gelys. Hulle was Primo, Fortuin, Alant, September, October, November, David en Lakey, almal van Mosambiek.⁶⁰⁰ Leerlooiers moes diervelle tot bruikbare leer bewerk. Afgeslagte diervelle is gesout om bederwing te voorkom en daarna vir dertig uur in lopende water gelaat om te suiwer en uit te vars. Hierna is dit beurtelings in 'n kalkput gegooi en gedroog, die hare afgeskrap en die vel in lopende water gewas. Die looiproses het tussen twaalf en agtien maande geduur.⁶⁰¹

Buiten vir die huishoudelike **kleremakers** en **sniers** wat reeds bespreek is, het slawe ook in die kleremakersbedryf van hulle meesters diens verrig. Sommige slawe was by die hoedemakersbedryf van hulle meesters betrokke, soos die geval van Maart van Bengale, Castor van Mosambiek en Caesar van Mosambiek, wat **hoedemakers** in diens van Johan Stegman was.⁶⁰² Sommige slawe wat **pruikemakers** was, het na hulle vrystellings hulle beroep voortgesit, soos die geval met Dawid van die Kaap en ene Lodewyk was.⁶⁰³ In 1820 is ses vryswartes as pruikmakers in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.⁶⁰⁴

In die *Slaweregister* is sekere slawe as **saalmakers** aangeteken, soos Matjong van Boegies,

⁵⁹⁴ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 68.

⁵⁹⁵ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

⁵⁹⁶ J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1834*, pp. 2 - 3, 7, 13, 17 - 18, 25, 34, 36 en 40; G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 206 - 207, 216, 218, 224 - 225, 227, 233, 242 en 244.

⁵⁹⁷ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 69.

⁵⁹⁸ C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 117.

⁵⁹⁹ K.A.B.: SO. 6/30, p. 124: Register of Slaves, 1822-02-25.

⁶⁰⁰ K.A.B.: SO. 6/30, p. 110: Register of Slaves, 1816-08-23.

⁶⁰¹ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 69.

⁶⁰² K.A.B.: SO. 6/30, p. 124: Register of Slaves, 1822-02-25.

⁶⁰³ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 216 en 230.

⁶⁰⁴ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

wat die eiendom van Abdol Ganie van Ambon was,⁶⁰⁵ en Ernst van die Kaap, wat aan Jan Serrurier behoort het.⁶⁰⁶ Volgens 'n lys van Kaapstadse beroepe het slegs twee vryswartes in 1820 'n lewe as saalmakers in die stad gemaak,⁶⁰⁷ terwyl die vry Adonis, Carel en Jeptha, almal van die Kaap, sowel as Arend in 1834 as saalmakers in Kaapstad gewerk het.⁶⁰⁸

Met die vestiging van die wynbou aan die Kaap het daar 'n dringende behoefte ontstaan aan die dienste van **kuipers** vir die vervaardiging van vate.⁶⁰⁹ Sommige eienaars het daarom hulle slawe as kuipers laat oplei. Dit het beteken dat die slaaf eers sy vakleerlingskap onder 'n meestervakman moes deurloop en 'n meesterstuk, soos 'n vat, maak. Kuipers het hoofsaaklik wyn-, bier- en verpakkingsvate, sowel as wasbalies gemaak. Dit het die vernuftige inmekaarvoeging van veral eikehoutduie, sodat geen vloeistowwe daaruit kon lek nie, behels.⁶¹⁰ Sekere slawe is pertinent as kuipers in die *Slaweregister* gelys. Op 4 September 1816 was Salie sowel as Apollos, beide van die Kaap, die kuipers van Bartholomeus Schultz,⁶¹¹ terwyl Phillis en Adolf, beide van Mosambiek, as kuipers van Gabriel Vos aangedui is.⁶¹² Op 21 Junie 1819 was Christiaan Philip Zinn in besit van Salie van die Kaap, terwyl die wynhandelaar M.C. Vos die slaaf Moses van Mosambiek as kuiper in sy diens gehad het.⁶¹³ Slawe wat na hulle vrystelling hulle dienste as kuipers in Kaapstad verkoop het, was onder meer Martinus, Masoer en Savan, aldrie van die Kaap, sowel as Salomon van Batavia.⁶¹⁴ Volgens 'n lys van beroepe was daar in 1820 vyf vryswart kuipers in Kaapstad werksaam.⁶¹⁵

Aan die Kaap is slawe as **silwer-** en **kopersmede** opgelei. Die silwersmede se werk het die maak van gebruiks- en ornamentele artikels, soos skottels, borde, bekere, kanne, ketels, lepels, soos murg-, bredie- en solepels, soutlepeltyes, teekislepeltyes, druiweske, koletessies, brandewynverwarmers, vurke sowel as beeldjies van mense en diere, kandelare, knope, gespes en haarnaalde, behels.⁶¹⁶ Op 10 Julie 1816 is die slaaf Delft van Malabar as silwersmid van die weduwee Helena Schmith in die *Slaweregister* gelys,⁶¹⁷ terwyl Fortuin van Mosambiek 'n silwersmid van Altman Aalders was.⁶¹⁸ Na sy vrystelling was Afrika van die Kaap as silwersmid in Kaapstad werksaam.⁶¹⁹ 'n Slaaf wat as kopersmid opgelei is, moes vir 'n paar jaar sy vakleerlingskap onder 'n meestervakman deurloop, waarna hy 'n meesterstuk moes

⁶⁰⁵ K.A.B.: SO. 6/12, p. 64: Register of Slaves, 1819-06-08.

⁶⁰⁶ K.A.B.: SO. 6/30, p. 23: Register of Slaves, 1823-08-26.

⁶⁰⁷ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

⁶⁰⁸ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 207, 214, 225 en 208.

⁶⁰⁹ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 73.

⁶¹⁰ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 73.

⁶¹¹ K.A.B.: SO. 6/30, p. 117: Register of Slaves, 1816-09-04.

⁶¹² K.A.B.: SO. 6/33, p. 66: Register of Slaves, 1817-01-08.

⁶¹³ K.A.B.: SO. 6/33, p. 127: Register of Slaves, 1830-02-05.

⁶¹⁴ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 233 en 242; J.S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1834*, pp. 25 en 34.

⁶¹⁵ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

⁶¹⁶ D. Heller, *Further researches in Cape silver*, pp. 152 - 153.

⁶¹⁷ K.A.B.: SO. 6/30, p. 86: Register of Slaves, 1816-07-10.

⁶¹⁸ K.A.B.: SO. 6/12, p. 28: Register of Slaves, 1816-09-09.

⁶¹⁹ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, p. 207.

maak. Nadat die meestervakman die slaaf se meesterstuk goedgekeur het, was hy 'n volwaardige kopersmid wat hom veral met die bewerking van geel- en rooikoper en die maak van kopervate en kombuisgereedskap, soos koperketels, -panne, -potte, -suikertrommeltjies, -skuimspane, -teegoedbalies, -koffiekanne, -kraantjiekanne, -kastrolle, -konfore, -bekers, sowel as -blakers, -kandelare, -slotplate, -deurhandvatsels, -strykysters, -kwispedore, -stookketels, -wynmaatkanne en -wynfilters, besig gehou het.⁶²⁰ In 1816 was beide die weduwee Susanna Smit sowel as Johan Zinn elk in besit van 'n kopersmidslaaf,⁶²¹ terwyl die minderjare Erick en Anna Aspeling op 31 Maart 1817 in besit van die kopersmid Apollos van Batavia was.⁶²² Op 18 Augustus 1827 is die slaaf Allie van Boegies as kopersmid van Petrus Hammes in die *Slaweregister* aangeteken.⁶²³ Kaapse slawe was ook **tinslaers** en **-gieters**. Hulle werk het hoofsaaklik die maak van tin eet- en drinkgerei behels. Op 9 Julie 1816 was Barend Berning in besit van die tinslaer Samarang van die Guinese kus.⁶²⁴

Slawe het hulle plek as **ystersmede** in die Kaapse samelewing volgestaan. Op 12 Julie 1816 was Barend Berning in besit van die ystersmid Lafleur van Mosambiek,⁶²⁵ terwyl die slaaf Moses van die Kaap op 17 Mei 1816 as ystersmid van Christiaan Bosse aangeteken is.⁶²⁶ Op 1 Augustus 1816 was Frederik Voges die eienaar van die ystersmede July van Batavia en August van Mosambiek,⁶²⁷ terwyl Philander van Batavia op 9 September 1816 as ystersmid van Wilhelm Schuchard in die *Slaweregister* aangedui is.⁶²⁸ Ystersmede het hulle hoofsaaklik met die bou van waens sowel as die maak van gereedskap, implemente en dekoratiewe smeeysterwerk besig gehou. 'n Ystermidslaaf waarvoor Martin Melck 1500 riksdalders betaal het⁶²⁹ se handewerk is deur lady Duff-Gordon in die traliewerk van Groote Schuur se voordeur opgemerk.⁶³⁰ Van die agt volwasse slawe van Johan Carel Smith, was ses grof- of ystersmede wat almal van Mosambiek afkomstig was.⁶³¹ Dit bevestig die tendens dat Mosambiekse slawe in die meer veeleisende ambagte aangewend is: "They commonly work ... at all those kinds of handicraft which require much exertion", aldus Percival.⁶³² Op 27 Mei 1816 is die slawe Lakey van Mosambiek sowel as Africa van Madagaskar as wamakers van L.J. Smith in die *Slaweregister* gelys,⁶³³ terwyl Hector van Mosambiek op 22 April 1834 die

⁶²⁰ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 74; M. le Roux, *Die Kaapse kopersmid*, pp. 23, 26, 31, 79, 81, 88 - 90, 93 - 94, 96, 101 - 103, 104 - 110, 112 - 113, 118 - 119, 123 - 124 en 127 - 146.

⁶²¹ K.A.B.: SO. 6/30, p. 123: Register of Slaves, 1816-09-20; SO. 6/35, p. 11: Register of Slaves, 1816-10-05.

⁶²² K.A.B.: SO. 6/12, p. 53: Register of Slaves, 1817-03-31.

⁶²³ K.A.B.: SO. 6/21, p. 271: Register of Slaves, 1827-08-18.

⁶²⁴ K.A.B.: SO. 6/13, p. 59: Register of Slaves, 1816-07-09.

⁶²⁵ K.A.B.: SO. 6/13, p. 59: Register of Slaves, 1816-07-12.

⁶²⁶ K.A.B.: SO. 6/13, p. 63: Register of Slaves, 1816-05-17.

⁶²⁷ K.A.B.: SO. 6/33, p. 35: Register of Slaves, 1816-08-01.

⁶²⁸ K.A.B.: SO. 6/30, p. 118: Register of Slaves, 1816-09-09.

⁶²⁹ J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, p. 53.

⁶³⁰ Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 17.

⁶³¹ K.A.B.: SO. 6/30, p. 13: Register of Slaves, 1816-05-17.

⁶³² R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 288.

⁶³³ K.A.B.: SO. 6/30, p. 32: Register of Slaves, 1816-05-27.

wamaker van Pieter de Villiers was.⁶³⁴ Indonesiese slawe wat as wamakers in die *Slaweregister* aangeteken is, is onder meer David van Boegies en November van Batavia.⁶³⁵ Slawe wat na hulle vrystelling hulle brood as ystersmede of wabouers in Kaapstad verdien het, was onder meer Fortuin van die Kaap en Engla van Japan.⁶³⁶ In 1820 is een vryswart persoon as smid en twee as wamakers in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangeteken.⁶³⁷

Kaapse slawe was ook **ruitwerkers** of **glaseniers** wat by die maak, sny en insit van glasruite betrokke was. Op 29 Mei 1816 was Johan Stemmet in besit van twee ruitwerkers, naamlik Cupido van Madagaskar en Januarie van Mandar,⁶³⁸ terwyl Cupido van Madagaskar op 25 Julie 1823 as glasenier van die vryswarte Samuel van die Kaap in die *Slaweregister* gelys is.⁶³⁹

In die *Slaweregister* is 'n paar slawe as **pottebakkers** aangeteken. Van hulle was onder meer August van Siam, wat aan Goenraad Eysen behoort het, en Damon van Ceylon, wat 'n pottebakker van Hendrik Vos was.⁶⁴⁰ Pottebakkerie was 'n moeilike ambag om aan te leer en die slawe vakleerling het 'n lang tyd nodig gehad voor hy die tegniek om die klei te beheer en te vorm, baasgeraak het.⁶⁴¹

Slawe wat as **mandjiemakers** in die *Slaweregister* gelys is, is onder meer Ontong van Makassar, wat op 22 Junie 1816 as eiendom van Lambertus Colyn aangeteken is.⁶⁴² Die vryswarte Jan van Boegies was self in besit van die 61-jarige mandjievlegter, Slammat van Boegies.⁶⁴³ Slawe wat na hulle vrystelling as mandjiemakers in Kaapstad werksaam was, is onder meer Adam van die Kaap en Abdol Batie.⁶⁴⁴ In 1820 is vyftien vryswart persone as mandjiemakers in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.⁶⁴⁵

Op 9 Desember 1828 is die slaaf Charles van Mosambiek as **seilmaker** van Thomas Hunter in die *Slaweregister* aangeteken.⁶⁴⁶ Op 13 Maart 1829 is die slaaf November van die Kaap in die *Slaweregister* as **horlosiemaker** van Jacob Fredrik Stober aangedui,⁶⁴⁷ terwyl dieselfde slaaf in 1834 nog steeds in dieselfde hoedanigheid by Stober in diens was.⁶⁴⁸

⁶³⁴ K.A.B.: SO. 6/33, p. 155: Register of Slaves, 1834-04-22.

⁶³⁵ K.A.B.: SO. 6/33, p. 75: Register of Slaves, 187-02-17; SO. 6/30, p. 31: Register of Slaves, 1816-05-27.

⁶³⁶ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 217 - 218.

⁶³⁷ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

⁶³⁸ K.A.B.: SO. 6/30, p. 37: Register of Slaves, 1816-05-29.

⁶³⁹ K.A.B.: SO. 6/30, p. 103: Register of Slaves, 1823-07-25.

⁶⁴⁰ K.A.B.: SO. 6/18, p. 28: Register of Slaves, 1816-08-10; SO. 6/33, p. 103: Register of Slaves, 1823-10-18.

⁶⁴¹ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 75.

⁶⁴² K.A.B.: SO. 6/15, p. 30: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁶⁴³ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 5.

⁶⁴⁴ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, p. 207; J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor her jaar 1834*, p. 2.

⁶⁴⁵ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

⁶⁴⁶ K.A.B.: SO. 6/21, p. 287: Register of Slaves, 1828-12-09.

⁶⁴⁷ K.A.B.: SO. 6/30, p. 39: Register of Slaves, 1829-03-13.

⁶⁴⁸ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, p. 234.




Figuur 80: Twee Kaapstadse vrugteverkopers met hulle vrag in mandjies aan weerskante van 'n juk oor hulle skouers gebalanseer, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon.

Uit: A.H. Smith (red.) *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 69.




Figuur 81: 'n Straatventer met sy juk en mandjies op Stalplein, volgens 'n watterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 65.




Figuur 82: Twee rustende vrugte- en groenteventers in die buitewyke van Kaapstad, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 41.



Figuur 83: 'n Straatventer in Strandstraat, Kaapstad, volgens 'n gravure deur William J. Burchell (1781 - 1869).

Uit: W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I* (London, 1822), p. 70.



Figuur 84: Sir Charles D'Oyly besig om op die stoep van sy woonplek Gore Lodge, met 'n vrugteverkoper oor die prys van sy produkte te kibbel, volgens 'n pen-en-inktekening deur D'Oyly self in 1832.

Uit: A. Gordon-Brown (samesteller), *The Cape sketchbooks of sir Charles D'Oyly 1832 - 1833 depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages* (Kaapstad, 1968), plaat 16.

Naas die vervaardigingsektor, was die Kaapstadse slawe in die handelsektor betrokke. Aangesien die koophandel een van die belangrikste bestaansbronne van die Kaap se inwoners was,⁶⁴⁹ en byna alle inwoners die een of ander vorm van handel bedryf het,⁶⁵⁰ was die slawe in hulle besit by implikasie baie nou by hulle besigheids- en handelsbelange betrokke. As **handelaars, venters en smouse** het slawe inderdaad 'n belangrike rol in die verkope en inkomstegenerering uit die ware en produkte vir hulle meesters gespeel. Teen die einde van die agtiende eeu het Barrow krities opgemerk dat die Kaapse amptenary "left no sort of indignity in retailing the produce of their gardens; not indeed avowedly, but through the medium of their slaves".⁶⁵¹ Die res van die inwoners het hy volgens hulle onderskeie handelsaktiwiteite geklassifiseer. Die eerste groep was 'n middelklas wat plase elders gehad het en wat die opbrengs daarvan deur hulle slawe in die stad van die hand gesit het. Die tweede groep was 'n groepie onbeduidende handelaars wat hulleself as koopmanne beskou het. Die laaste groep was die handelaars wat hulle verskeidenheid professies deur middel van hulle slawe beoefen het.⁶⁵² Hiervolgens was slawe 'n integrale deel van die Kaapse handelsektor.

Soos reeds in die studie vermeld, het die eienaars van die marktuine aan die buitewyke van Kaapstad 'n aansienlike inkomste uit dié tuine verdien. Die produkte van die marktuine is deur slawe en smouse met mandjies aan gereelde kliënte of toevallige kopers in die stad gelewer.⁶⁵³ In 1816 is twee slawe in die *Slaweregister* as die **straatverkopers** van die bekende Kaapstadse marktuinier, Johannes Zorn van die winsgewende marktuin Leeuwenhof, aangeteken,⁶⁵⁴ terwyl M.J. Smuts van die marktuin Bellefleur ook in dieselfde jaar in besit van twee straatverkopers was.⁶⁵⁵ Teen 1822 het die aantal straatverkopers van die Kaapstadse marktuine aansienlik toegeneem. Groente en vrugte uit dié tuine is twee maal daaglik deur tot ses slawe per marktuin in twee mandjies aan 'n juk oor hulle skouers, te voet na die Kaapstadse strate (**Fig. 80 & 81**) of Groentemarkplein gebring. In sommige seisoene het dit 'n opbrengs van twintig tot dertig riksdalders per slaaf per dag opgelewer.⁶⁵⁶ Om oneerlikheid deur die slaweventers te beperk, is die prys van druiwe per gewig vasgestel, terwyl die ander vrugte of groente in bossies of hopies van twee stuiwers elk opgemaak is.⁶⁵⁷ Straatventers was 'n algemene gesig in Kaapstad, soos blyk uit die talle Africana-prente waarin hulle uitgebeeld is (**Fig. 82, 83 & 84**), sowel as die waarnemings van besoekers en reisigers. Tydens sy Kaapstadse verblyf in 1825 het Teenstra onder meer van die besige straatventers, soos "visch- en fruitverkoopers, alsmede ... andere negotie doende menschen die hunne waren al schreeuwende uitventen" melding

⁶⁴⁹ J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI*, II, p. 141; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 153.

⁶⁵⁰ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 48; *Ibid.* II, p. 340; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 36; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 33; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 75 en 80.

⁶⁵¹ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 48.

⁶⁵² *Ibid.* II, p. 340.

⁶⁵³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 88.

⁶⁵⁴ K.A.B.: SO. 6/35, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-17.

⁶⁵⁵ K.A.B.: SO. 6/30, p. 61: Register of Slaves, 1816-06-14.

⁶⁵⁶ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 157.

⁶⁵⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 88.




Figuur 85: 'n Kaalvoet slaaf wat melk verkoop, volgens 'n afbeelding deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/7.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 100.




Figuur 86: 'n Melkverkoper, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 71.



Figuur 87: Kaapse visventers – ‘n algemene gesig in die Kaapstadse strate, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 101.



Figuur 88: Twee Maleiervisventers, volgens ‘n tekening deur sir Charles D’Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/3.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 93.



Figuur 89: John Klipvis, die Maleiervisventer, soos afgebeeld in 'n litografiese tekening deur J.C. Poortermans.

Uit: J.C. Poortermans, *A series of lithographic drawings, containing views, characters, plants, etc. Of the Cape of Good Hope* (Kaapstad, 1835), n.p.




Figuur 90: 'n Verkoper van banketgebak met 'n doekbedekte skinkbord vol lekkernye wat hy op sy kop dra, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 80.



Figuur 91: 'n Gebakverkoper met sy handkarretjie, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon in 'n waterverftekening in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 88.



Figuur 92: 'n Watersmous, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/81.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 110.



Figuur 93: 'n Dranksmous met 'n wa vol Kaapse mout, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/65.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 109.



Figuur 94: 'n Maleierslaaf om mandjies om in die Kaapstadse strate te verkoop, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/50.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 106.

gemaak.⁶⁵⁸ Die druiweverkoopers het hom veral beïndruk, want “ik heb niemand fraaijer hooren roepen of liever zingen, dan de verkoopers van druiven.”⁶⁵⁹ Groentemarkplein, wat ongeveer in die middel van Kaapstad is, was die algemene verkoopsentrum waar slaweverkoopers in groot getalle saamgekom het om allerlei ware en produkte, soos ‘n groot verskeidenheid vrugte en groente, volstruiseiers, vere en ander produkte eie aan Afrika, te verkoop (Fig. 50).⁶⁶⁰

Benewens vrugte en groente, het straatverkoopers ook melk (Fig. 85 & 86) en eiers, afkomstig van die inwoners se plasies net buite Kaapstad, van die hand gesit. Visvangste wat aan die booteienaars behoort het, is daagliks by die vismark⁶⁶¹ (Fig. 49) of deur visventers in die Kaapstadse strate van die hand gesit (Fig. 87, 88 & 89). Alleurlei gebak⁶⁶² (Fig. 90 & 91), water (Fig. 92), drank (Fig. 93) en mandjies (Fig. 94) is ten bate van hulle meesters deur die slawe verkoop. Uit ‘n resoluusie van 1706 blyk dit dat ‘n aantal bakkers ontevrede was met onregverdige mededinging, aangesien sommige bakkers tot drie of vier slawe gestuur het om “over al langs de Caab brood” te verkoop. ‘n Besluit is deur die Politieke Raad geneem ingevolge waarvan geen enkele bakker voortaan meer as een slaaf vir die doel sou mag aanwend nie.⁶⁶³ Brandhoutverkoopers moes soms self die gewilde brandhoutstompe in die Olifantsvallei tussen Tygerberg en Valsbaai gaan uitgrawe om dit dan teen 18 tot 20 “skillinge” per vrag aan die Kaapstadse inwoners te verkoop.⁶⁶⁴

Skuite wat snags as vissersskuite aangewend is, is bedags deur slaweventers en -smouse beman om vis, vrugte, groente, drank en ‘n verskeidenheid ander voedselsoorte onder die seelui en passasiers van besoekende skepe in die Tafelbaaise hawe te smous.⁶⁶⁵ Hierdie gebruik het besoekers opgeval. In die 1770’s het Thunberg sy eerstehandse ervaring beskryf: “We were hardly come to an anchor, before a crowd of black slaves and Chinese came in their small boats to sell and barter, for clothes and other goods, fresh meat, vegetables and fruit, of all which our crew were eager to procure.”⁶⁶⁶ Tydens die Eerste Britse Besetting het kaptein Robert Percival bevestig dat, onmiddellik na ‘n skip in die Tafelbaaise hawe anker gegooi het, dit deur bote omring was wat swaar met vis, groente en vrugte gelaai was wat deur slawe vir hulle eienaars verkoop moes word.⁶⁶⁷ Met sy aankoms in Tafelbaai in 1825 was Teenstra verras deur die verskeidenheid slaweventers met hulle ewe groot verskeidenheid produkte op bote wat hulle nuutaangekome skip in die Tafelbaaise hawe verwelkom het. Hy het dié kleurvolle prentjie met verwondering beskryf: “In dezen tusschentijd kwamen verscheidene sloepen met Afrikanen, die eene geel, de andere pikzwart van kleur zijnde, op ons

⁶⁵⁸ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 126.

⁶⁵⁹ *Loc. cit.*

⁶⁶⁰ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 21.

⁶⁶¹ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 157 en 159 - 160.

⁶⁶² V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 60 - 61.

⁶⁶³ A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 438 - 439.

⁶⁶⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 91.

⁶⁶⁵ *Ibid.*, p. 88.

⁶⁶⁶ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 22.

⁶⁶⁷ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 43.



Figuur 95: 'n Kaapse slavin besig om materiaal vir haar meesteres te smous, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon in 'n waterverfsketsie in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 73.

aanroeijen, hebben bij zich eene menigte manden met levende visch en kreeften ... Anderen hadden manden met druiven, of watermeloenen, appelen, peren, vijgen enz.”⁶⁶⁸

Nog ‘n vorm van straatverkope was die slavinne wat as klere- en materiaalsmouse vir hulle eienaresse opgetree het. Soms van ‘n manlike slaaf vergesel, wat die swaar mandjies met materiaal en klere moes dra, is die ware in Kaapstad en omstreke te voet van huis tot huis te koop aangebied (Fig. 95). Met haar terugkeer saans het die eienares eers ‘n rekonsiliasie van die dag se verkope gedoen en die volgende dag se ware wat verkoop moes word, aan die slavin oorhandig. Indien geen verkope dié dag gedoen is nie, kon die slavin heelwaarskynlik straf van haar meesteres te wagte wees.⁶⁶⁹

In ‘n sekere sin het die slaweenters en -smouse in die Kaapstadse strate en die Tafelbaaise hawe die funksie van ‘n mark vervul.⁶⁷⁰ In die *Slaweregister*, wat in die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, is ‘n groot aantal slawe as straatverkopers in diens van Kaapstadse inwoners aangeteken. Van hulle was onder meer Apollos van Boegies, wat aan die vryswarte Arjie van die Kaap behoort het,⁶⁷¹ Francois van Mosambiek, wat aan Hendrik Blanckenberg behoort het,⁶⁷² Marzes van Malabar, wat die eiendom van Pieter Auret was,⁶⁷³ terwyl die drie Mosambiekse slawe Jupiter, Isaac en Fluks sowel as Apollos van Bengale op 18 Mei 1816 as straatverkopers van Johannes van Breda gelys is.⁶⁷⁴ Valentinus Schonberg was in besit van die twee straatverkopers Caesar van Macoa en Mey van Java,⁶⁷⁵ terwyl die enigste slaaf in besit van Saptoe van Batavia die straatverkoper Mey van Bengale was.⁶⁷⁶ Na hulle vrystelling het sommige vryslawe voortgegaan om as straathandelaars ‘n lewe in Kaapstad te maak. Volgens ‘n lys van Kaapstadse beroepe was 31 vryswartes in 1820 voedselmouse in Kaapstad.⁶⁷⁷ In 1834 is die vryslawe Christiaan van Madagaskar, Mohammed van Bengale, sowel as Frans, Fytjie, Janiema, Jongs, Lena, Rabia, Salia, en Sosong, almal van die Kaap, as vrugteverkopers in *The South African directory and almanac* aangeteken, terwyl Jack van die Kaap as ‘n handelaar in wild en Jonas van Ceylon as ‘n handelaar in vuurmaakhout aangedui is.⁶⁷⁸

Sommige slawe, wat ambagslui sowel as straatverkopers ingesluit het, is deur hulle meesters toegelaat om op ‘n semi-onafhanklike basis geld te verdien. Al voorwaarde was dat die slaaf daaglik, weeklik of maandeliks ‘n vasgestelde minimum-bedrag aan sy eienaar moes

⁶⁶⁸ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 108.

⁶⁶⁹ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 148 - 149.

⁶⁷⁰ R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 11.

⁶⁷¹ K.A.B.: SO. 6/12, p. 22: Register of Slaves, 1816-06-29.

⁶⁷² K.A.B.: SO. 6/13, p. 29: Register of Slaves, 1816-05-31.

⁶⁷³ K.A.B.: SO. 6/12, p. 52: Register of Slaves, 1822-05-21.

⁶⁷⁴ K.A.B.: SO. 6/13, pp. 10 - 11: Register of Slaves, 1816-05-18.

⁶⁷⁵ K.A.B.: SO. 6/30, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.

⁶⁷⁶ K.A.B.: SO. 6/30, p. 78: Register of Slaves, 1816-06-27.

⁶⁷⁷ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

⁶⁷⁸ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 214, 219, 225, 230, 238 en 242 - 243.

oorhandig. Dié geld het as “koelijgeld” bekend gestaan.⁶⁷⁹ Die res van die geld kon die slaaf vir homself hou en na sy eie goeddunke spaar of spandeer. Die gehuurde slaaf van Jan Hendrik Boumeester is op soortgelyke wyse toegelaat om “te gaan Coelij soeken”, op voorwaarde dat hy ‘n maandelikse bedrag van ses riksdalders aan Boumeester moes betaal.⁶⁸⁰ In 1830 het die slaaf Gerrit van ene Meneer Haupt daaglik twee riksdalders verdien, waarvan hy ses skillings per dag “koelijgeld” aan sy eienaar moes betaal.⁶⁸¹ Slawe wat in gebreke gebly het om die vereiste “koelijgeld” aan hulle eienaars te oorhandig, het hulleself aan dissiplinêre optrede blootgestel. Nadat hy in 1737 sonder “koelijgeld” na sy meesteres, die weduwee Melt van der Spuy teruggekeer het, is die slaaf Januarie van Tutocorijn lyfstraf deur haar toegedien en weereens uitgestuur om die geld te gaan verdien.⁶⁸² In die *Slaweregister* is onder andere Lindor van Mosambiek⁶⁸³ en September van Batavia⁶⁸⁴ as koelieslawe aangeteken.

Weens hulle betroubaarheid is Kaapsgebore slawe dikwels as verkoopslui in die winkels van hulle eienaars aangewend,⁶⁸⁵ terwyl sommige ook pakhuiswerkers was.⁶⁸⁶

In die vervoersake van hulle meesters was slawe as **drywers** van perdewaens en as **koetsiers** verantwoordelik vir die veilige en flinke vervoer van vrag en passasiers.⁶⁸⁷ Volgens Burchell was die Maleierslawe in Kaapstad knap perdewadrywers of koetsiers, want “in dexterity the coachmen excel all our boasted and most accomplished “whips”, even of the first rate; for it is a common sight in Cape Town, to see a Malay standing in a long *paardewagen*, driving six horses at full trot, and turning the corners of the streets with the greatest facility”.⁶⁸⁸

Die behoefte aan huisvesting vir besoekende skeepslui en -passasiers sowel as vir die plaaslike ongetroude amptenary, het van die losieshuisbedryf ‘n uiters winsgewende handelsaak in

⁶⁷⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 123; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 386; J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 98; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; R. Ross, *The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town*, *Studies in the History of Cape Town 2*, 1980, p. 11.

⁶⁸⁰ V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 57 - 58.

⁶⁸¹ A. Bank, *The decline of urban slavery at the Cape, 1806 to 1834*, p. 40.

⁶⁸² N. Worden. E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, pp. 62 - 63.

⁶⁸³ K.A.B.: SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24.

⁶⁸⁴ K.A.B.: SO. 6/13, p. 38: Register of Slaves, 1816-05-10.

⁶⁸⁵ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 74.

⁶⁸⁶ K.A.B.: SO. 6/30, p. 114: Register of Slaves, 1821-05-20.

⁶⁸⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 91.

⁶⁸⁸ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

Kaapstad gemaak.⁶⁸⁹ Heelparty Kaapstadse inwoners, veral die respektable weduwees, het 'n goeie inkomste uit hulle losieshuise verdien.⁶⁹⁰ Behalwe vir die goewerneur, het byna alle amptenare en privaatburgers tydens die Eerste Britse Besetting losieshuise bedryf om in die behoeftes van skeepspassasiers wat by die Kaap aangedoen het, te voorsien.⁶⁹¹ Die sukses van hierdie losieshuise was in 'n groot mate aan die **losieshuisbediendes** te danke. Besoekers soos kaptein Robert Percival het groot waardering vir die vriendelike en bekwame losieshuis-slawe gehad. Volgens hom was hulle betroubaar, besonder eerlik en beleefd teenoor die losieshuisgaste, terwyl hulle die gaste met blymoedigheid en gewilligheid tot diens was. Daarbenewens was hulle besonder knap en bedrewe in alle huishoudelike take. Vir hom en sy geselskap het hulle waardevolle diens gelewer, "particularly washing, making of clothes, and shoe and bootmending."⁶⁹² Mentzel het hierdie losieshuiswerkers voorts as "clean and neatly attired" beskryf.⁶⁹³ Dit was veral die gewilde Kaapsgebore halfslag slawemans wat as losieshuisbediendes aangewend is.⁶⁹⁴

Soms is slawe as **bediendes** aan besoekers verhuur. In 1825 is die "sprakelozes" en bygelowige "Mohamedaanse" slaaf Arend as bediende en oppasser deur Martin Teenstra, wat sy reis na Batavia weens siekte moes onderbreek, gehuur.⁶⁹⁵ By die Caledonse mineraalbad moes Arend die immobiele en mankolieke Teenstra onder meer op 'n moeilike paadjie "langs hoogten en laagten, door struiken en waterplassen" na die hoërliggende voetbad dra. Arend het Teenstra ook na die Coetzee-egpaar gedra en hom tydens 'n uitstappie deur 'n vol rivier op sy rug geabba. Daarbenewens het Arend daaglik Teenstra se kos en drank by die Coetzee-egpaar gaan haal.⁶⁹⁶ Terwyl Burchell nog getwyfel het oor die hoë huurgeld van 36 riksdalders wat hy vir 'n Maleierlyfbediende tydens sy Kaapstadse verblyf sou moes opdok, het 'n ander huurder hom voorgespring, aangesien "this was considered a reasonable sum".⁶⁹⁷

Die dienste van **slawebardiers** of **-baardskeerders** is ook deur die eienaars aan die Kaapstadse inwoners uitverhuur. Teenstra het 'n kleurvolle beskrywing van sy eerstehandse ervaring onder die hande van sodanige "kleinen swarten slaaf" gegee wat hy onder meer as 'n "hakkenden stoppelmaaijer" beskryf het.⁶⁹⁸ Op 1 Julie 1816 is die negentienjarige slaaf Journal

⁶⁸⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 en 112; W. Dampier, *A new voyage round the world*, p. 123; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, pp. 65 - 66; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 204 - 206; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 153 - 154; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 141; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, II*, p. 313.

⁶⁹⁰ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 174.

⁶⁹¹ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 256.

⁶⁹² *Ibid.*, pp. 268 - 269 en 271.

⁶⁹³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 112.

⁶⁹⁴ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 285.

⁶⁹⁵ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 133.

⁶⁹⁶ *Ibid.*, pp. 171, 179 en 209.

⁶⁹⁷ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33.

⁶⁹⁸ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 126 - 128.

van die Kaap as barbier van David Anosi in die *Slaweregister* gelys.⁶⁹⁹ Na sy vrystelling was die vryslaaf Patientie van Tambogar as barbier in Kaapstad werksaam.⁷⁰⁰

In die herberge, eethuise, tavernes, tapperye en drankwinkels van hulle eienaars het slawe ook hulle plek as **verkoopslui**, **kelnere** en **musikante** volgestaan.⁷⁰¹ Na hulle vrystelling was sommige vryslawe self kleinhandelaars wat hulle eie besighede besit het. In 1820 is 32 vryswartes as kleinhandelaars en twee as tabakhandelaars in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.⁷⁰² In *The South African directory and almanac for 1834* is 26 vryslawe as kleinhandelaars in Kaapstad gelys, terwyl vier vryslavinne, naamlik Andriana, Delia en Syda, almal van die Kaap, sowel as Martha van Batavia, eethuise besit het. David sowel as Leentje van die Kaap het elk 'n biertappery besit.⁷⁰³

Die Kaapstadse slawe in privaatbesit is op 'n gereelde basis aan die Kompanjie uitverhuur, aangesien die Kompanjie, weens die voortdurende arbeidstekort, in 'n groot mate op die gehuurde arbeid van privaatslawe aangewese was, veral wat betref arbeid in die steengroewe en hospitaal sowel as die uitvoering van openbare projekte. In 1717 is ses privaatslawe 'n jaar lank teen 1½ gulde elk per dag gehuur om met die bou van die kerk te Drakenstein behulpsaam te wees.⁷⁰⁴ Teen 1744 het die Kompanjie 'n gemiddeld van 5 riksdalders per maand vir die huur van 'n slaaf in privaatbesit betaal. By geleentheid het die goeie Martin Melck twintig slawe aan die Kompanjie verhuur vir die konstruksie van 'n nuwe pad, waarvoor hy maandeliks 8 riksdalders per slaaf ontvang het, terwyl die ander burgers slegs 7 riksdalders vir hulle verhuurde slawe ontvang het.⁷⁰⁵

Slawe in privaatbesit is ook soms deur die owerhede opgekommandeer om bepaalde pligte in openbare belang, sonder vergoeding aan hulle meesters, uit te voer. In geval van brand moes alle slawe, van die Kompanjie sowel as van privateienaars, bystand tydens die blus van die brand verleen, deur onder meer die waterpype te dra, houers met water aan te dra en die brandweerenjin te werk.⁷⁰⁶ In die 1740's was burgerslawe betrokke by die bou van die vervalde breekwaterhoof in die hawe.⁷⁰⁷ Kort na aanvaarding van sy amp as goewerneur, het Swellengrebel in 1762 die gelykmaak van die Parade geloods, "an undertaking that earned him much respect and gratitude", aldus Mentzel.⁷⁰⁸ Die projek het die Kompanjie geen geld gekos nie, aangesien hy opdrag gegee het dat 'n sekere aantal burgers elk die dienste van een slaaf vir een dag gratis beskikbaar moes stel. Die burgers het saamgewerk, "and in a short time the

⁶⁹⁹ K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

⁷⁰⁰ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, p. 236.

⁷⁰¹ H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu*, pp. 58 en 123; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 85; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 47.

⁷⁰² N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

⁷⁰³ G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 207, 212, 214, 216 - 217, 219, 224 - 225, 227, 230, 233 - 234 en 242 - 244.

⁷⁰⁴ G.C. de Wet, Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 173.

⁷⁰⁵ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 60.

⁷⁰⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

⁷⁰⁷ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 62.

⁷⁰⁸ O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, pp. 128 - 129.

uneven field which had been full of holes became a beautifully level square ...”⁷⁰⁹ In 1774 is privaatslawe opgeroep vir die bou van ‘n nuwe pad na Rondebosch en in die 1780’s was hulle betrokke by die bou van fortifikasies.⁷¹⁰

Uit voorafgaande beskrywing van die arbeid van die stedelike Kompanjie- en privaatslaaf is dit duidelik dat beide dié groepe ‘n belangrike rol in Kaapstad as administratiewe sowel as handelsentrum gespeel het. Die arbeid van slawe in Kaapstad het oorwegend die lewering van dienste behels, terwyl ‘n aansienlike aantal geskoolde ambagslui hulle in Kaapstad bevind het. Privaatslawe het veral in die huishoudelike, vervaardigings- of industriële en in die handel- of besigheidsektor van hulle meesters ‘n onmisbare en prominente rol gespeel.

2. Slawearbeid op die akkerbouplase van die Suidwes-Kaap

Alhoewel die Suidwes-Kaapse landbou ekstensief met betrekking tot die aanwending van grond was – vyf tot tweehonderd morges (ongeveer 4,6 tot 182 hektaar) per plaas – was die arbeidsbehoefte op elke plaas, ongegag grootte of produksie, intensief.⁷¹¹ Om in die intensiewe arbeidsbehoefte van die akkerbouplase te voorsien, is groot getalle slawe aangehou. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel tereg opgemerk dat landbou aan die Kaap meer arbeid as in Europa vereis het en dat ‘n groter aantal slawe en Khoikhoi nodig was om die arbeid op die plase te verrig.⁷¹² Hy het voorts melding gemaak van “the numerous servants and slaves” wat Philip Meyburg in diens gehad het om sy akkerbouplaas Meerlust te bewerk.⁷¹³ Die welgestelde J.G. Cloete van die plaas Nooitgedacht het 108 slawe in diens gehad; “a greater number than was ever possessed by any other individual”, aldus Lichtenstein.⁷¹⁴ Uit die navorsing van die historikus A.L. Müller blyk dit dat die meeste akkerbouboere in die tydperk 1795 tot 1834 tussen vyftien en dertig slawe besit het, terwyl sommige wingerdboere meer as tagtig slawe in hulle besit gehad het.⁷¹⁵ Weens die gediversifiseerdheid van die Kaapse akkerbouplaas met sy gemengde landbouproduksie,⁷¹⁶ (Fig. 18) was die tipes arbeid wat deur die slawe op die plase verrig is gevarieerd met min spesialisasie, terwyl dit ‘n vasgestelde seisoenale patroon gevolg het.⁷¹⁷ Tydens die piekperiodes van die graan- en wingerdproduksiesiklus sou arbeid intensief wees. Tydens die rustiger tye is slawe met huishoudelike take sowel as die vervaardiging, oprigting of herstel van geboue, meubels, waens en plaasimplemente besig gehou.⁷¹⁸ Die meeste slawe op die akkerbouplaas was dus op spesifieke tye in die landbousiklus met dieselfde soort arbeid besig.

⁷⁰⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

⁷¹⁰ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 62.

⁷¹¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 20; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 168.

⁷¹² O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

⁷¹³ *Ibid.*, p. 84.

⁷¹⁴ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 125.

⁷¹⁵ A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

⁷¹⁶ N. Penn, Labour, land and livestock in the Western Cape during the eighteenth century: The Khoisan and the colonists, in W.J. James en M. Simons, *The angry divide*, pp. 1 - 4.

⁷¹⁷ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 23; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 108 - 109.

⁷¹⁸ A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.